

**23 September**

**Skrifgedeelte: Handeling 19:10-19**

**Fokusgedeelte: Handeling 19:15 (1983-vertaling)**

**Ananias: leer om van weerstandig na liefdevol gehoorsaam te swaai**

By God gaan dit nie oor menslike wysheid of grootheid nie. Hy gebruik diegene wat gering in mense se oë is sodat sy werking duideliker na vore kom.

Ananias, 'n onbekende dissipel, word deur Christus as instrument gebruik om vir Paulus te bid sodat die volle lig vir hom kan oopgaan. Hy het egter gehoor hoeveel kwaad Paulus teenoor Christene gedoen het. Paulus het volmag van die priesterhoofde ontvang om die volgelinge van Christus te arresteer. Ananias het geweet die Here roep hom, maar uit vrees vir Paulus se berugtheid, is hy weerstandig. Wanneer die Here hom die tweede keer beveel om te gaan – en sê dat Paulus 'n uitverkore instrument is om sy Naam uit te dra – vergeet hy van homself. Sy twyfel en bangwees het hom nie langer teruggehou nie.

Die feit dat Paulus vergewing ontvang het, het vir Ananias van weerstandig na liefdevol gehoorsaam omgeswaai. As opregte en gewillige dissipel was hy gehoorsaam. Vol liefde het hy Paulus as broeder aangespreek en die hande opgelê. Ananias verseker hom dat die Here Jesus hom gestuur het sodat hy weer kan sien en met die Heilige Gees vervul kan word.

As gehoorsame instrument is Ananias gebruik om die Here se antwoord op Paulus se gebed te bring. Hy moes meewerk in die uitvoering van God se besluit om verandering in Paulus se lewe te bring. So gebruik Hy elkeen van ons as instrumente in sy koninkryk.

Ons mag Hom nooit probeer inperk nie. Hy is almagtig. Dit is nie altyd maklik om liefde teenoor iemand vir wie jy bang is of wie se motiewe jy in twyfel trek, te bewys nie. Ons moet altyd gehoorsaam wees en volg waar Hy ons lei – selfs as dit na moeilike mense of omstandighede is.

*Sing: Psalm 25:2, 6 (1936)*

*Ds. WP (Willem) van der Merwe (Queenstown/Dordrecht)*